education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

LANDBOUBESTUURSPRATYKE

RIGLYNE VIR

PRAKTIESE ASSESSERINGTAAK

2010

Hierdie riglyne bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INHOUDSOPGAWE

1. Die Praktiese Assesseringstaak vir Landboubestuurspraktyk 3 - 4

2. Voorbeeld van 'n PAT 5 - 6

3. Assesseringsinstrument 7 - 8

PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK VIR LANDBOUBESTUURSPRAKTYK

Die Praktiese Assesseringstaak (PAT) in Graad 12 bestaan uit die bestuursaspekte in die bedryfsvertakkingspesifieke produksieproses
Die opgetekende aspek van die taak behoort bewys te lewer van hoe die produksieverwante proses benader behoort te word en moet die volgende insluit:

1. In die bestuursplan moet die nodige bestuursaspekte in 'n georganiseerde tydlyn weergegee word.
2. Die verskillende prosesse betrokke by die praktiese aktiwiteite, byvoorbeeld voer, brandmerk, inenting, klassifisering en versorging van die diere moet omskryf word. Sketse en diagramme van alle praktiese aktiwiteite moet gegee word. Alle apparate moet genoem en beskryf word.
3. Uitdagings en suksesse
4. Die veiligheidsmaatreëls en omgewingsaspekte moet aangedui word. Byvoorbeeld, wat is gedoen met afvalstowwe soos afvalwater? Is daar op so 'n manier daarmee weggedoen dat dit besoedeling voorkom?
5. Watter boeke, tydskrifte en ander hulpbronmateriaal is geraadpleeg voor die aanvang van die praktiese aktiwiteit?
6. Algemene indruk

Die volgende hulpbronne kan gebruik word om die PAT te voltooi.

Leerders kan die departement van landbou se webblad (www.agriculture.gov.za) in verband met addisionele inligting oor voerkrale raadpleeg. Ander handige bronne om te raadpleeg, is AgriSA, die Landbounavorsingsraad, en AgriTV op SABC2 op Saterdae. AgriTV voorsien leerders van algemene landbou-inligting oor veevoer, inentings sowel as beskikbare groeihormone. Leerders word aangemoedig om die Farmer's Weekly / Landbou Weekblad op 'n gereelde basis aan te skaf om sodoende beter insig in landbousake plaaslik en internasionaal te verwerf.

Die Praktiese Assesseringstaak vir Graad 12 word intern opgestel en geassesseer en ekstern gemodereer. Die PAT word intern opgestel as gevolg van die verskillende praktiese aktiwiteite wat in die verskillende Landbouskole aangebied word. Hierdie projekte moet in beheerde omstandighede voltooi word.

Die bestuursprojek behels 'n reeks van praktiese aktiwiteite (minimum 6). Hierdie take behoort gedurende die eerste drie kwartale afgehandel te word en moes teen die einde van die derde kwartaal ingehandig word. Hierdie take moet onder werklike situasies voltooi word, bv. die melk van koeie, kunsmatige inseminasie, inokulasie, kastrasie, onthoring, ens. Die leerders moet die assesseringskriteria ken voordat die take uitgevoer word.

Die praktiese assesseringstaak maak 25% van die totale promosiepunt uit en behoort aandag aan die ontwikkeling en toepassing van landboubestuursvaardighede te gee. Die puntetotaal is 100 en bestaan uit die dag tot dag praktiese aktiwiteite (50 punte) en spesifieke praktiese take (50 punte). Die Praktiese Assesseringstaak fokus dus op die ontwikkeling van vaardighede in die produksieproses sowel as die toepassing van bestuursvaardighede in 'n produksieverwante konteks.

FINALE PUNT

Die finale punt van die PAT bestaan uit die assessering van die volgende domeine:

Dag tot dag praktiese aktiwiteite	50
Spesifieke praktiese take	50
TOTAAL	**100**

PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK

'n Praktiese assesseringstaak vir 'n voerkraal benodig die volgende hulpbronne:

- Voerkraal
- Nekklamp
- Diere
- Water
- Voer
- Entstof/dip
- Groeihormone en aanwendingstoerusting
- Inspuitings en doseermiddels
- Ontsmettingsmiddels
- Onthoringyster
- Horingskêr
- Onthoringsbout
- Oorplaatjietang
- Parasietbeheermaatreëls

Jy is verantwoordelik om in die voerkraal werksaam te wees vanaf ... tot ...
Jy sal ook verantwoordelik wees vir spesifieke take in die voerkraal gedurende hierdie drie kwartale. Hierdie take moet afgehandel wees teen die derde kwartaal.

1. Dag tot dag praktiese aktiwiteite en verantwoordelikhede in die voerkraal bestaan uit die volgende:

    1. Verantwoordelikheid
    2. Meng van voere
    3. Klassifisering van diere
    4. Hantering van diere
    5. Versorging van diere/water gee
    6. Rekordhouding
    7. Skoonmaak van voerkraal
    8. Inisiatief
    9. Toewyding
    10. Kwaliteit

Hierdeur word verantwoordelikheid, uithouvermoë en toewyding, ens. getoets.

2. Spesifieke praktiese aktiwiteite sluit die volgende in:

    1. Onthoorning
    2. Immunisering
    3. Groeihormone
    4. Brandmerk van beeste
    5. Oormerk en identifisering
    6. Behandeling: Eksterne parasiete
    7. Behandeling: Interne parasiete, ens

Die prakties sal as volg geassesseer word

Tydens die klassifisering behoort die aspekte soos, die groepering van diere volgens bv. geslag, ouderdom, gewigsklasse aandag te geniet.

Tydens onthoorning moet gelet word op die korrekte metodes, of die wond goed skoongemaak is, of die onthoringapparaat korrek gebruik word, ens. Bulkalwers moet so hanteer word dat hulle nie hulself beseer nie.

Tydens immunisasie moet daar gelet word op die korrekte aanwending van die inspuiting en voorsorgmaatreëls daaraan verbonde. Die leerder moet aandui op watter manier die naald in die aar gesteek word. Ook moet aangedui word waarom dit nodig is om die dier te immuniseer.

In die geval van die volgende prakties moet daar veral gelet word op die korrekte gebruik van alle apparaat tydens brandmerk, aanwending van groeihormone, parasietbeheer, ensovoorts. Alle voorsorgmaatreëls moet getref word tydens die prakties in die voerkraal en nasorg is veral belangrik by die brandmerk van diere. Hier moet gekyk word na die manier waarop die leerder die brandyster hanteer en of dit 'n driehoekige merk op die dier laat. In hierdie geval is nasorg baie belangrik.

Die punteverspreiding vir die verskillende praktiese aktiwiteit is as volg:

Dag tot dag praktiese aktiwiteite:	**Punte**
1. Verantwoordelikheid	5
2 Meng van voere	5
3. Klassifisering van diere	5
4. Hantering van diere	5
5. Versorging van diere	5
6. Rekordhouding	5
7. Skoonmaak van voerkraal	5
8. Inisiatief	5
9. Toewyding	5
10. Kwaliteit	5
TOTAAL	**50**

Spesifieke praktiese take	**Punte**
1. Onthoorning	5
2. Ineneting	10
3. Groeihormone	5
4. Brandmerk	5
5. Oormerk en plaatidentifikasie	5
6. Eksterne parasietbeheer	10
7. Interne parasietbeheer	10
TOTAAL	**50**
GROOTTOTAAL	**100**

KONTROLELYS 2 VIR PAT: VOERKRAAL

NAAM _____ GRAAD: 12

Dag tot dag praktiese aktiwiteite in die voerkraal	Punt	Leederpunt
1. Verantwoordelikheid		
Kan instruksies uitvoer sonder hulp	2	
Volg gepaste veiligheidsprosedure	2	
Aanvaar verantwoordelikheid/neem leiding tydens groepwerk	1	
	5	
2. Meng van voer		
Meng voere korrek	2	
Bepaal verteerbaarheid, proteïninhoud en voedingswaarde	2	
Berekening van mengverhoudings	1	
	5	
3. Klassifisering van diere		
Korrekte klassifisering	2	
Verse, koeie, bulle en osse	2	
Klassifisering volgens vetverhouding	1	
	5	
4. Hantering van diere		
Diere so gehanteer dat min/geen stres voorkom nie	2	
Geen beserings aan diere	2	
Diere kalm gehanteer	1	
	5	
5. Versorging van diere		
Diere volgens program gevoer	2	
Diere se waterbehoeftes moet aan voldoen word	2	
Goeie vetmaak van diere	1	
	5	
6. Rekordhouding		
'n Voldoende rekordhoudingstelsel opgestel	2	
Rekords van voere, gewigstoename, siektes,vrektes, immunisering, ens. word gehou	2	
'n Op-datum balansstaat word gehou	1	
	5	
7. Skoonmaak van die voerkraal		
Voerkraal behoorlik skoongemaak	2	
	2	
Afval op korrekte manier verwyder	**2**	
Geen teken van omgewingsbesoedeling	1	

8. Inisiatief		
Bied oplossings of verklarings vir onverwagse probleme	2	
Herkenning en antisipering van probleme	2	
Los probleme sonder hulp op	1	
	5	
9. Toewyding		
Voltooi vereiste praktiese en gee aandag aan take en geskrewe werk	2	
Goed gemotiveerd en goeie gesindheid	2	
Gewillig om herhalende take uit te voer	1	
	5	
10. Kwaliteit		
Praktiese werk is deeglik uitgevoer	2	
Aandag aan detail om 'n goeie produk te lewer	2	
Geskrewe werk is netjies en duidelik uiteengesit.	1	
	5	
TOTAAL	**50**	

Spesifieke praktiese take in die voerkraal	Punt	Leerderpunt
1. Onthoorning		
Voorbereiding van toerusting	1	
Korrekte knip van stompies	1	
Korrekte temperatuur van onthoringyster	1	
Korrekte gebruik van onthoringyster	1	
Nasorgbehandeling	1	
	5	
2. Immunisasie		
Identifisering van die siektes wat moontlik in die voerkraal voorkom en gepaste voorkomende maatreëls	2	
Korrekte dosering	1	
Identifisering van die korrekte aar	1	
Insit van naald in die aar	2	
Middel stadig toegedien	2	
Seker maak naald is steeds in aar nadat die helfte van die middel reeds toegedien is	2	
	10	
3. Groeihormone		
Voorbereiding van toerusting	1	
Voorbereiding van dier	1	
Identifiseer korrekte plek van toediening	1	
Eintlike inplantproses	1	
Maak seker hormone korrek toegedien is	1	
	5	
4. Brandmerk van diere		
Korrekte temperatuur van brandyster	1	
Tydsberekening van toediening korrek	2	
Kleur van die brandmerk	1	
Nasorg	1	
	5	
5. Oormerk en plaatjies		
Korrekte gebruik van apparaat	2	
Korrekte nommering en kleur	2	
Nasorg	1	
	5	
6. Eksterne parasietbeheer		
Identifisering van diere met parasiete	3	
Identifisering van parasiete	3	
Korrekte medikasie	3	
Verwydering van leë houers	1	
	10	

Kopiereg voorbehou

7. Interne parasietbeheer		
Identifisering van diere met parasiete	3	
Identifisering van tipe parasiete	3	
Korrekte medikasie	3	
Verwydering van leë houers	1	
	10	
TOTAAL	**50**	
GROOTTOTAAL	**100**	

_____ _____ _____

Onderwyser **Leerder** **Datum**

Kopiereg voorbehou